## VAN STAMVERWANTE BODEM

Prof. dr. Pieter Geyl, oud-hoogleraar in geskiedenis aan die Ryksuniversiteit van Utrecht het in 'n voordrag, wat verskyn het as deel 24, nr. 4 van die *Mededelingen der Kon. Ned. Akademie van Wetenschappen* (1961) sy gedagtes laat uitgaan oor die opvattinge en geskrifte van wyle prof. dr. J. Huizinga. In sy *Huizinga als aanklager van zijn tijd*, waarvan 'n samevatting verskyn het in *Elseviers Weekblad* (Amsterdam) 30.12.1961), kom prof. Geyl tot verskillende gevolgterkkings, o.m. dat Huizinga hom nie kon losworstel van die hede nie. Aangesien ons nie die reeds genoemde publikasie gelees het nie, gee ons slegs hierdie verwysings weer.

In die maandblad *'s Gravanhage* (Jg. 16, nr. 6, Junie 1961) het H. Veersma 'n bydrae *Haagse journalistiek en journalisten in vier eeuwen* gepubliseer waarin hy brokstukke uit die geskiedenis van die pers en die persmanne in die stad meedeel. In *Ons Amsterdam* (jg. 13, nr. 9, Sept. 1961) kom in 'n bydrae oor die Zeedijk o.m. van *Johannes Arnoldus Bronkhorst* voor; in jg. 13, nr. 12 beskryf B. de Ridder die graf van *Frans Oost* in die *Nieuwe Kerk* en behandel D. Bijtelaar die graf van *Joost van der Vondel*. Die voorsitter van die *Gemeentelijke Commissie Heemkennis* wat hierdie blad uitgee, prof. dr. L. F. de Beaufort, is aan die begin van 1962 opgevolg deur mnr. A. M. de Waal.

Die inhoud van *De Toerist* (Antwerpen, jg. 41, nr. 5, Maart 1962) is gewy aan die geskiedkundig belangrike stad Leuven. Belangrik is o.m. die bydrae oor die universiteit (gestig in 1425). In *Antwerpen* (jg. 7, nr. 4, Des. 1961) word die aandag van die leser o.m. gevestig op 'n tentoonstelling wat gewy was aan die invloed van die krygswese op die folklore (tydperk: Napoleontiese tyd—1918) in die vorm van beeldjies, erdewerk e.d. Verblydend is die nuus dat die groot voorraad letters (ongeveer 15,000) wat deur die beste Franse en Vlaamse lettersnyers van die sestiende eeu vervaardig is en nog steeds 'n kosbare besit van die Plantijn-Moretusmuseum (Antwerpen) vorm, tans uitgesoek en gerangskik word. Mettertyd sal hierdie eeue-ou letters weer vir besondere uitgawes gebruik word.

In sy bydrae *Sovereignty and the World Problems of Today* kom prof. G. Leibholtz (Karlsruhe) in *Universitas* (Deel 4, nr. 4, Stuttgart) tot die gevolgtrekking dat integrasie in Europa moeilik sal gaan en dat ons alleen vrywillige samewerking met behoud van die soewereiniteit van die afsonderlike state kan verwag soos dit tans geskied. Ongetwyfeld sou, sonder die aanhoudende druk van die Ooste, daardie proses nog langsamer gegaan het. Die skrywer gaan sover deur te sê dat Stalin die vernaamste bewerker van die Noord-Atlantiese Verbond was en dat die atoombom en ander moderne uitvindings die samewerking in Europa sal verhaas.

In Rusland, aldus die Duitse blad *Ost-Probleme* (Jg. 14, nr. 4) het geskiedskrywers onlangs die opdrag ontvang om by hul navorsingswerk „die wetmatige beweging van die mensheid in die rigting van die Kommunisme" daar te stel. Op die partydag waarop hierdie besluit geneem is, het een van die sprekers o.m. verklaar dat die stryd teen „die burgerlike geskiedskrywing 'n deel van die ideologiese stryd is wat tans tussen die Sosialisme (Kommunisme) en die Kapitalisme woed." 'n Ander spreker het daarop gewys dat 'n tydskrif, wat in Frans en Engels uitgegee sal word, die volke van Afrika op die hoogte kan bring van „die burgerlike vervalsers van die geskiedenis van die volke van Afrika".

Dink ons aan ons ou voertuie? Bewaar ons hierdie reeds seldsaam synde oorblyfsels van 'n nog resente verlede? In Italië, in die stad Turyn, is in November 1960 'n groot museum vir outydse motors geopen. Die besluit om so 'n museum op te rig dateer van 1932 en ten tye van die opening van die museum was daar 'n paar honderd outydse motors en motorfietse te besigtig. Ruim 100 was nog in werkende toestand. Verder is 'n aantal waardevolle modelle, o.m. van Cugnot se stoomwa van 1769, in Turyn te sien.

In Nederland het 'n paar liefhebbers van ou koetse en rytuie in 1954 met twee begin wat hulle vir R5 stuk gekoop het. Dit was die begin van die stigting *Paard en Karos*. In dieselfde jaar het hierdie vereniging beskikking gekry oor die kasteel *Nienoord* en tans besit Nederland daar 'n *Nationaal Rijtuigmuseum* wat reeds deur meer as 140,000 belangstellendes besoek is.

Reeds in die verlede het ons aandag gewy aan 'n heruitgawe van *De Pelgrimstocht der mensheid*, hierdie keer in die *Phoenixreeks* (W. de Haan, Zeist). Tans is ook dele 3 en 4 van hierdie standaardwerk in dié reeks verkrygbaar. Ryklik verlug en deur vakkundiges geskryf, handel die inhoud van deel 3 oor die bloeityd van die absolutisme en deel 4 oor die tydperke van die Franse Rewolusie, die Restourasie en die opkoms van die Liberalisme. Aan elkeen van die dele is 'n register toegevoeg. Gemiddelde om-

vang: Ongeveer 190 bladsye (sakformaat). Prys per deel in Nederland ongeveer R0.60. As nr. 43 in dieselfde reeks het *L. O. Schuman* se kultuurgeskiedenis van die Arabiese wêreld onder die titel *De Arabieren* verskyn. Veral hoofstuk VI *De Arabieren in de moderne wereld* is van groot belang. Dit behandel die pogings wat deur die Arabiere tydens en na die bestuurstydperk van Mohammed Ali en na die tydperk van sterk Europese beïnvloeding aangewend is om weer tot staatkundige eenheid en meer magsinvloed op die wêreldbestel te kom. Al hierdie werkies word sterk vir skoolbiblioteke en algemeen belangstellendes aanbeveel. Dit geld ook vir die vertaling van *Kurt Lange* se meesterstuk *Pyramiden, Sphinxe, Pharaonen* (*Egypte*; nr. I) wat sedert Mei 1958 sy sesde druk in Nederland beleef het.

Oor die Amsterdamse drukker en houtsnyer *Jan Ewoutsz. en sy nakomelinge* het F. J. Dubiez 'n insiggewende bydrae in *Ons Amsterdam* (jg. 12, nr. 3) gepubliseer. Dubiez volg nie alleen hierdie drukker en sy nakomelinge van 1535 tot 1697 nie, maar verstrek ook waardevolle gegewens met betrekking tot die outydse drukkuns en boekversierings. Die titelblad van die beroemde Harlingse *Bieskensbijbel* (gedruk deur Peter van Putte, Harlingen, 1579) was een van die kunsskeppings van Cornelis J. Muller. In die daaropvolgende uitgawe bespreek F. G. M. Douwes Amsterdamse horlosiemakers en hul werkstukke uit die agtiende eeu. Hy vermeld o.m. dat nadat Christiaan Huygens die slinger en die spiraalveer uitgevind het, 'n verteenwoordiger van die Nederlandse uurwerkmakersgeslag Fromanteel uit Engeland oorgekom het om die nuwe tegniek te leer. Na sy terugkeer in Londen het hy die eerste slingeruurwerke in Engeland vervaardig. In die bydrae word verskillende modelle van agtiende eeuse uurwerke bespreek en afgebeeld.

In deel X, nr. I (1959) van die *Bulletin Museum Boymans-Van Beuningen* bespreek die Italiaanse kunshistorikus, Giorgio Vigni, tekeninge van Giambattista, Domenico en Tiepolo in Nederlandse versamelinge. In die *Bulletin van het Rijksmuseum* (Amsterdam, jg. 8, nr. I) word deur dr. W. Holtzhausen voorbeelde van Dresdense Barokkuns in hierdie museum behandel.


*Geteilte Städte-Amputiertes Land* is die titel van 'n spesiale uitgawe van die tydskrif *Berlin-Brandenburgers Kurier* waarin aan die hand van feite bewys word op watter willekeurige wyse die Oder-Neiszegrenslyn getrek is. Ongeveer vyftig stede en dorpe, waaronder Frankfürt aan die Oder en Küstrin, is by die vasstelling van die grenslyn verdeel. In verband met elkeen van die genoemde stede en dorpe is 'n kort geskiedenis vermeld.

Tenslotte wil ons graag die aandag vestig op die *Kulturele Kroniek* in die driemaandelikse Vlaamse tydskrif *Ons Erfdeel* wat die volgende doelstellings beoog: „voor het behoud van de Nederlandse kultuur op plaatsen waar deze bedreigd wordt, speciaal in Frans Vlaanderen", en, „voor de meest uitgebreide samenwerking van alle Nederlands- en Afrikaanssprekenden op kultureel gebied". Suid-Afrikaanse ere-redaksielede is: Prof. Abel Coetzee, mnr. W. A. de Klerk en prof. D. J. Opperman. Ook mnr. Lorentz Schultz (Johannesburg) kom onder die redaksie voor. Ons wens hierdie tydskrif baie voorspoed toe.

Dr. Jan Ploeger.

BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

1. *Albrecht-Carrié, René*: Europe since 1815. From the Ancien Régime to the Atomic Age, pp. XIII, 560, Harper and Brothers, New York, 1962.
2. *Bartstra, Dr. J. S.*: Van 1648 tot heden. Handboek tot die staatkundige geschiedenis van de landen van onze beschavingskring, 5 dele, 2de hersiene druk, f28.50 per deel, L. en G. Malmberg, 's Hertogenbosch, 1959.
3. *Krill, Hans-Heinz*: Die Rankerenaissance. Ein Beitrag zum historischen Denken in Deutschland 1880-1935, pp. XIII, 271, Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1962.
4. *Smith, Raymond T.*: British Guiana, pp. VI, 218, 25/-, Oxford University Press, London, 1962.
5. *Southern, R. W.*: The Shape and Substance of Academic History. An Inaugural lecture delivered before the University of Oxford on 2 November, 1961, pp. 26, 3/6, Oxford at the Clarendon Press, 1961.
6. *Tatz, C. M.*: Shadow and Substance in South Africa. A Study in Land and Franchise Policies affecting Africans, 1910-1960, pp. 238, R3.35, University of Natal Press, Pietermaritzburg, 1962.
7. *Woodward, Sir Llewellyn*: The Age of Reform, 2nd Edition (The Oxford History of England, vol. XIII, edited by Sir George Clark), pp. XIX, 681, R4.20, Oxford at the Clarendon Press, 1962.



# Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word verreweg die grootste gedeelte van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van sowat 2,350,000 gietblokton per jaar produseer . . . en dié syfer styg nog steeds !

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, het die Korporasie onlangs 'n uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë sal verhoog tot tussen 4,350,000 en 4,500,000 gietblokton teen 1973.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal. Daarbenewens is die gehalte van YSKOR-staal van die beste ter wêreld.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

**HOOFKANTOOR : POSBUS 450 PRETORIA**

# Uit ons Geskiedenis is 'n Nasie gebore!

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,

hy dien

## DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as poskantoorklerk of tegnikus,
is diens aan u land.

## U word verseker van

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere besonderhede verstrek.**